

## Handelinge 18

### Handelinge 18:1-28

1 En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. 2 En hy het 'n Jood gevind met die naam van Aquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscilla van Italië gekom het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Na hulle toe het hy gegaan; 3 en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag. 4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.

5 En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. 6 Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan.

7 En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat 'n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het. 8 En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop.

9 En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; 10 want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.

11 En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer.

12 En toe Gállio goewerneur van Acháje was, het die Jode eenparig teen Paulus opgestaan en hom voor die regterstoel gebring 13 en gesê: Hierdie man haal die mense oor om God op onwettige wyse te vereer.

14 En toe Paulus sy mond wou oopmaak, sê Gállio vir die Jode: As daar nou enige oortreding of kwaadwillige skelmstuk was, dan sou ek rede hê om julle te verdra, o Jode; 15 maar as dit 'n geskil is oor 'n woord en oor name en oor 'n wet wat vir julle geld, moet julle toesien, want daarvoor wil ek geen regter wees nie.

16 En hy het hulle van die regterstoel weggedryf. 17 En al die Grieke het Sósthene, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom voor die regterstoel geslaan; en Gállio het hom aan niks van hierdie dinge gesteur nie.

18 En nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy van die broeders afskeid geneem en na Sírië uitgeseil, en saam met hom Priscilla en Aquila. En in Kenchrëë het hy sy hoof geskeer, want hy het 'n gelofte gedoen.

19 En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek. 20 En toe hulle versoek dat hy langer by hulle moes vertoef, het hy nie toegestem nie, 21 maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier, maar ek sal weer na julle terugkom as God wil. En hy het van Éfese afgevaar.

22 En toe hy in Cesaréa gekom het en opgegaan en die gemeente gegroet het, het hy afgereis na Antiochië.

23 En nadat hy 'n tyd lank vertoef het, het hy vertrek en agtereenvolgens die land Galásië en Frígië deurgereis en al die dissipels versterk.

24 En 'n sekere Jood met die naam van Apollos, wat in Alexandrië gebore was, 'n welsprekende man, het in Éfese aangekom; en hy was magtig in die Skrifte. 25 Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het. 26 En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Aquila en Priscilla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.

27 En toe hy wou deurgaan na Acháje, het die broeders hom aangemoedig en aan die dissipels geskrywe om hom te ontvang. En daar aangekom, was hy deur die genade die gelowiges tot veel nut; 28 want hy het die Jode kragtig in die openbaar weerlê en deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus is.

### **1. Handeling 18:1-17 – Paulus se verkondiging in Korinthe**

**1 En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. 2 En hy het 'n Jood gevind met die naam van Aquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscilla van Italië gekom het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Na hulle toe het hy gegaan; 3 en omdat hy van**

dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag. 4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.

5 En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. 6 Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan.

7 En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat 'n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het. 8 En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop.

9 En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; 10 want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.

11 En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer.

12 En toe Gállio goewerneur van Acháje was, het die Jode eenparig teen Paulus opgestaan en hom voor die regterstoel gebring 13 en gesê: Hierdie man haal die mense oor om God op onwettige wyse te vereer.

14 En toe Paulus sy mond wou oopmaak, sê Gállio vir die Jode: As daar nou enige oortreding of kwaadwillige skelmstuk was, dan sou ek rede hê om julle te verdra, o Jode; 15 maar as dit 'n geskil is oor 'n woord en oor name en oor 'n wet wat vir julle geld, moet julle toesien, want daarvoor wil ek geen regter wees nie.

16 En hy het hulle van die regterstoel weggedryf. 17 En al die Grieke het Sósthenes, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom voor die regterstoel geslaan; en Gállio het hom aan niks van hierdie dinge gesteur nie.

### 1.1 Vrae by Handeling 18:1-17

1. Vir wie het Paulus in Korinthe ontmoet? (vers 1-2)
2. Wat maak Lukas aangaande Aquila en Priscilla aan ons bekend? (vers 2-3)
3. Wat het Paulus elke sabbat in die sinagoge in Korinthe gedoen? (vers 4)

Nadat Paulus in Athene die evangelie op die Areopagus verkondig het, het hy uit Athene vertrek en in Korinthe gekom. Alhoewel daar in Athene ook 'n sinagoge is, is dit een van die min kere dat Paulus nie vanweë die Jode se haat uit 'n stad moes vertrek nie. Vir hoe lank Paulus in Athene werksaam was, word nie geopenbaar nie en daar word ook nie uitdruklik gesê waarom hy uit Athene vertrek het nie. Ons kan aanneem dat die Heilige Gees aan Paulus bekend gemaak het dat sy werk vir eers klaar is in Athene na die bekering van Dionisius, Damaris en nog ander saam met hulle.

Korinthe was die grootste stad in Griekeland in daardie tyd. Dit was die hoofstad van die Romeinse provinsie Achaia en dit was 'n Romeinse kolonie. In 146 vC het die stad in opstand gekom teen Rome en die Romeine het die stad verower en verwoes. In 46 vC het Julius Caesar die stad herbou.

Korinthe was sowat 80 km van Athene af geleë. Dit was 'n handelstad met twee hawens. Korinthe was aan die weste kant van die landbrug geleë wat die noordelike deel van Achaia met die suidelike skiereiland – die Peloponessus – verbind het. Die ander hawe was aan die ooste kant in Kenchreë. Korinthe was berug vir sy hedonistiese en immorele kultuur. In die klassieke tyd is daar al spreekwoorde oor Korinthe gemaak. Wanneer daar gesê is dat iemand soos 'n Korinthiër optree, word bedoel dat hy hoerery bedryf. En om te praat van 'n Korinthiese metgesel het jy van 'n prostituut gepraat. Die godin Afrodite – die godin van liefde – is hier aanbid.

Paulus het die brief aan die Romeine in Korinthe geskryf. Wanneer 'n mens van die korrupte mensdom lees in Romeine 1 sien 'n mens in werklikheid 'n prent van hoe dit in Korinthe gegaan het. En dit is hier in Korinthe wat Paulus **'n Jood met die naam Aquila en sy vrou Priscilla ontmoet het**. Priscilla is die troetelvorm van die naam Prisca, volgens sommige.

Aquila was **afkomstig van Pontus**. Pontus is die Romeinse provinsie aan die suidelike kant van die Swartsee en is Oos van Bithinië geleë. Aquila en Priscilla **het van Italië na Korinthe verhuis**. Lukas gee ook die rede vir hierdie verhuising – keiser Claudius het beveel dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Hierdie bevel is gegee aan al die Jode wat nie Romeinse burgers was nie en is in 49-50 nC uitgevaardig. Daarom kan ons aanneem dat Aquila en Priscilla ook nie Romeinse burgers was nie.

Verder maak Lukas bekend dat Aquila en Priscilla ook **tentmakers** van beroep was. Dit is dieselfde ambag wat Paulus ook beoefen het. Daar word niks van Aquila en Priscilla se bekering gesê nie. Dit is dus moontlik dat hulle reeds Christene was toe Paulus hulle ontmoet het. Of anders het hulle onder die prediking van Paulus tot bekering gekom terwyl hulle saam hulle ambag beoefen het. Onder die Fariseërs en rabbi's was dit gebruik dat hulle 'n ambag beoefen het. Hulle is nie deur 'n sinagoge onderhou nie. Dit verklaar Paulus se ambag as tentmaker of leer bewerker.

**Paulus het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig**. Paulus het met die sinagoge gangers Jesus Christus bespreek en vanuit die Skrif die waarheid aangaande Jesus verkondig. Dit is deur die Skrif dat die oortuiging by hierdie hoorders gekom het.

4. Waarom was Silas en Timoteus in Macedonië en nie saam met Paulus nie? (vers 5)
5. Waar het Silas en Timoteus vir Paulus in Korinthe gekry? (vers 5)
6. Wat is die verskil tussen oortuig (sien vers 4) en betuig (sien vers 5)?

Toe die ongelowige Jode van Tessalonika gehoor het dat Paulus die evangelie in Berea verkondig, het hulle soheentoe opgeruk en die skare in Berea opgesweep (Hand 17:13). Die gelowiges in Berea het Paulus toe dadelik weggebring na die see toe en verder tot in Athene. **Silas en Timoteus het in Berea agtergebly**. Toe die

gelowiges van Berea vertrek het uit Athene het Paulus aan hulle opdragte gegee in verband met Silas en Timoteus.

Dit is uit die briewe van Paulus wat ons verneem waar Silas en Timoteus hulle bevind het. **Timoteus is van Berea af terug na Tessalonika toe.** Toe hy by Paulus in Korinthe gekom het, het hy berig hoe dit met die gelowiges in Tessalonika gaan (1 Tess 3:6-10). Dit was op grond van hierdie berig dat Paulus die eerste brief aan die Tessalonissense geskryf het. Die tweede brief het kort daarna gevolg.

In verband met Silas skryf Paulus in 2 Korintiërs 11:9 dat hy van Filippi af 'n gawe van die gemeente gebring het na hom in Korinthe. **Dus was Silas van Berea af terug na Filippi toe** en van daaraf het hy weer by Paulus aangesluit in Korinthe.

Dit was vir Silas en Timoteus voor die hand liggend waar hulle vir Paulus sal opspoor. Alhoewel Korinthe in daardie tyd die grootste stad in Griekeland was, **is hulle reguit na die sinagoge toe.** Paulus het nog elke keer in elke stad waar daar 'n singagoge was eers in die sinagoge begin om die evangelie aan die Jode te verkondig.

Toe hulle by Paulus kom was hy ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. In vers 4 lees ons nog dat Paulus in die sinagoge gespreek en die Jode sowel as die Grieke **oortuig** het. Met die verkondiging van die evangelie het Paulus probeer om die Jode en die Grieke in die sinagoge te oorreed om in Jesus Christus te glo. Dit blyk egter dat die Jode en die Grieke in die sinagoge hulle nie sommer so laat oorreed het nie. In vers 5 skryf Lukas immers dat Paulus kragtig **betuig** het dat Jesus die Christus is. Met groot erns het Paulus vanuit die Skrif getuienis gegee dat Jesus in werklikheid die Christus is.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>7. Waarmee het die Jode egter volgehou? (vers 6)</li><li>8. Wat was Paulus se reaksie op die Jode se teëstand? (vers 6)</li><li>9. Wat bedoel Paulus as hy sê dat die Jode se bloed op hulle hoof is en hy is rein? (vers 6)</li></ol> |
|--|

## 10. Aan wie anders het Paulus die evangelie gaan verkondig? (vers 6)

Maak nie saak met hoeveel duidelikheid Paulus uit die Skrif die bewyse aan die Jode en Grieke in die sinagoge getuig het nie, hulle het geweier om toe te gee en hulle te bekeer. Hulle het inteendeel aangehou **om teëstand te bied**. En afgesien van die teëstand wat hulle gebied het, het hulle ook sover gegaan **om godslasterlike dinge te spreek**. Om godslasterlik te praat is keer op keer die manier van doen van die Jode wanneer hulle agterkom dat hulle nie opgewasse is teen die duidelike getuienis van die Skrif met betrekking tot Jesus nie. Tydens se Stafanus se verhoor het dit uitgeloop op die woede teen en dood van Stafenus. In Anthiochië in Pisidië kon die Jode dit nie verdra dat Paulus en Barnabas so baie mense getrek het met die evangelie nie. Uit nydigheid het die Jode die woorde van Paulus oor Jesus probeer weerspreek.

Paulus het in reaksie op die mense van die sinagoge se verwerping van die evangelie iets gedoen wat eie is aan die Jode – **hy het sy klere uitgeskud**. Die Jode het sy gebaar baie goed verstaan. Paulus het met die gebaar aangetoon dat hy hulle ook verwerp omdat hulle hulleself nie waardig ag om die evangelie te hoor nie. Hy raak ontslae van selfs van die stof van die sinagoge sodat hy nie daardeur onrein sal word nie. Hy het dieselfde gedoen met die Jode van die sinagoge in Athiochië in Pisidië (Hand 13:51).

Wanneer 'n mens Jesus Christus as Verlosser verwerp, beteken dit dat jy ook nie gered kan word nie. Daar is immers geen ander naam op die aarde gegee waardeur God mense wil red nie. **Die mense van die sinagoge het Jesus verwerp en dit is hulle eie skuld**. Daarom sê Paulus dat hulle bloed op hulle hoof is. Hy het geen aandeel aan hulle ondergang nie, want **hy het sy verantwoordelikheid teenoor hulle nagekom**. Omdat hy gedoen het wat die Here van hom verwag – naamlik om die evangelie van Christus aan hulle te verkondig – is hy rein. Hy het nie 'n aandeel aan hulle ondergang nie.

Aangesien die Jode die evangelie verwerp, sê Paulus dat hy dit nou **aan die heidene** gaan verkondig. Paulus het die aanhoudende verwerping van die Jode

gesien as die teken dat hy nou maar aan die heidene die evangelie kan verkondig. Die Jode wil niks daarvan weet nie.

11. Waarheen is Paulus nadat hy uit die sinagoge gegaan het? (vers 7)
12. Wat maak Lukas aangaande Justus bekend? (vers 7)
13. Wie in Korinthe het nog tot geloof in Jesus gekom? (vers 8)

Nadat Paulus uit die sinagoge gegaan het omdat die Jode die evangelie verwerp het, het hy **in die huis van Justus ingegaan**. Justus is 'n Romeinse naam. Een kommentator is van oordeel dat Justus dieselfde persoon is wat Paulus op twee ander plekke Gaius noem (Rom 16:23; 1 Kor 1:14).

Justus was 'n **godvresende man**. Aangesien Justus 'n **Romein** is, kan ons aanvaar dat hy 'n proseliet was of ten minste het hy agting gehad vir God soos Cornelius. Paulus het hom dan in die sinagoge leer ken. **Justus se huis was reg langs die sinagoge gewees**.

Afgesien van Justus wat gelowig geword het, het ook **Crispus en sy hele huisgesin** in die Here geglo. Crispus was 'n Jood, want hy was die hoof van die sinagoge. Paulus het dus nie die Jode verwerp en sy rug op hulle gedraai nie. Hy het die ongelowige en verharde Jode verwerp. In die verkondiging van die evangelie het hy net sy fokus van die Joode eerste na die heidene eerste verskuif. Crispus is een van die min gelowiges in Korinthe wat deur Paulus self gedoop is (1 Kor 1:14). Afgesien van Justus en Crispus was daar nog **baie van die Korinthiërs** wat gelowig geword het en gedoop is omdat hulle die evangelie gehoor het.

14. Waarom het die Here in 'n naggestig met Paulus gespreek? (vers 9)
15. Watter opdragte het die Here aan Paulus gegee? (vers 9)
16. Watter beloftes het die Here aan Paulus gegee? (vers 10)
17. Vir hoe lank het Paulus in Korinthe gewerk? (vers 11)



Die agtergrond vir hierdie naggestig waarin die Here met Paulus gesprek het, kan ons aflei uit die eerste opdrag wat die Here aan hom gegee – hy moenie bevrees wees nie. **Daar het waarskynlik by Paulus die vrees ontstaan** dat sy bediening in Korinthe ook kortgeknip kan word soos wat dit Tessalonika en Berea gebeur het. Die Jode het reeds met hulle lasterlike woorde teen die Here Jesus begin. Daarby was die stad se inwoners berug vir hulle onsedelikheid en wêreldse gedagtes.

Die Here het twee opdragte aan Paulus gegee. **Hy moenie bevrees wees nie.** Hy moenie toelaat dat sy vrees vir mense en hulle optredes maak dat hy nie meer effektief sy werk kan doen nie. Die ander opdrag was dat hy moet **aanhou spreek en nie swyg nie.** Hy moet onverwyld voortgaan om die evangelie van Jesus Christus aan die mense in Korinthe te verkondig.

Die Here het ook drie beloftes aan Paulus gegee. Eerstens het Hy hom belowe dat **Hy met hom is.** Charles Spurgeon het gereken dat hierdie belofte van die Here drie dinge beklemtoon: die Here se teenwoordigheid, sy medelye en sy hulp. Tweedens het Hy belowe dat **niemand die hand aan Paulus sou slaan om hom kwaad aan te doen nie.** Die Here het nie gesê dat die Jode hom nie verder sal probeer verhinder nie of dat hy geen teenkanting van iemand sal beleef nie. Die Here het net belowe dat hulle nie in hulle doel teen Paulus sal slaag nie. En in die derde plek het die Here belowe **dat Hy baie mense in die stad het.** Dit wil sê, daar is baie uitverkorenes in Korinthe wat deur die verkondiging tot geloof gebring sal word. Die uitverkiesing is nie 'n verskoning om nie evangelisasie te doen nie. Die uitverkiesing is juis die dryfkrag om evangelisasie te doen. Paulus se werk is op die evangelie te verkondig. God se werk is om sondaars te red.

**Paulus het vir 'n jaar en 'n half in Korinthe gewerk.** Dit is seker die langste wat hy nog in een stad gebly en gewerk het waar die Here 'n kerk geplant het. Die Here het sy beloftes gehou, want Paulus moes nie hiervandaan vlug soos uit vele andere stede in die verlede nie. Wanneer Lukas meld vir hoe lank Paulus daar gewerk het, word dit ook duidelik dat Paulus nie net evangelisasie gedoen het nie. Hy was ook daartoe verbind dat die nuwe gelowiges ware dissipels van die Here sal wees.

18. Waarom het die Jode Paulus voor die goewerneur gebring? (vers 12)

19. Wat was die aanklag teen Paulus? (vers 13)

Die Here het aan Paulus 'n belofte gemaak dat niemand aan hom die hand sal slaan om hom kwaad aan te doen nie. Die Jode het wel die hand aan hom geslaan toe hulle teen hom opgestaan en voor die regterstoel gebring het, maar hulle het hom nie kwaad aangedoen nie. **Hulle kon hom nie kwaad aandoen nie, want die Here beskerm vir Paulus.**

Uit 'n inskrywing wat by Delphi in sentraal Griekeland gevind is, word die begin van Gallio se goewerneurskap gedateer as 1 Julie 51. **Dit blyk dat die Jode gewag het dat die nuwe goewerneur oorneem** en gedink dat hierdie goewerneur hulle goedgesind sal wees. Gallio het as goewerneur oorgeneem in die tyd wat Paulus in Korinthe gewerk.

Gallio was van Spanje afkomstig en sy broer Seneca – 'n Stoïsinse wysgeer – was Nero se leermeester. Seneca verwys na sy broer as 'n baie aangename en innemende persoon.

Die Jode se aanklag teen Paulus is **dat hy die mense oorhaal om God op 'n onwettige wyse te vereer**. Indien Paulus dan onwettig optree, moet hy mos 'n wet oortree, maar die Jode sê nie teen watter wet hy optree nie. Ons weet dat die Jode afgunstig was teenoor Paulus omdat so baie mense deur die verkondiging van die evangelie tot geloof in Jesus gebring word. Dus sal hulle wil hê dat die godsdiens wat Paulus versprei onwettig verklaar moet word deur die Romeinse regering. Die Jode se godsdiens was deur die Romeine erken as 'n godsdiens en daarom is hulle toegelaat om hulle godsdiens te beoefen.

20. Hoe het die Here vir Paulus teen die Jode beskerm? (vers 14)

21. Waarop kom Gallio se uitspraak oor die klag teen Paulus neer? (vers 14-15)

Die Here het aan Paulus belowe dat Hy met hom sal wees en niemand wat hulle hand aan hom slaan sal hom kwaad aandoen nie. Die Jode het Paulus aangekla dat hy die mense oorhaal om God op 'n onwettige wyse te vereer, maar hulle het nie gesê teen watter wet Paulus gehandel het nie. Lukas skryf dat Paulus sy mond wou oopmaak om sy optrede te verdedig, maar Gallio het hom nie die geleentheid daarvoor gegee nie. **Die Here het vir Paulus inderwaarheid deur Gallio se uitspraak beskerm teen die Jode wat hom kwaad wou aandoen.**

As goewerneur het Gallio jurisdiksie oor die Romeinse wette. Daarom sê Gallio uitdruklik dat hy die Jode sou verdra het, indien Paulus 'n oortreding of skelmstuk begaan het teen een van die Romeinse wette. Hy sou selfs bereid wees om die Jode aan te hoor, alhoewel daar gedurende hierdie tyd 'n anti-Joodse sentiment in Rome en tot 'n groot mate in die Romeinse ryk geheers het.

In sy uitspraak sê Gallio dat hy nie jurisdiksie het oor wette wat eie is aan die Jode se godsdienstige reëls nie. **Gallio se uitspraak kom dus daarop neer dat die staat nie by die reëls en regering van 'n godsdiens inmeng nie.** Sy uitspraak het nie daarop neergekom dat die Christelike geloof as 'n amptelike erkende godsdiens in die Romeinse ryk gesien is nie. Met sy uitspraak het hy net gesê dat die Christelike godsdiens *per se* nie 'n onwettige godsdiens is nie. So het die Here gesorg dat Paulus voort kon gaan om die evangelie van Christus te verkondig waar hy ook al gekom het. Hierdie uitspraak van Gallio was nie net van toepassing in Korinthe nie, maar in die hele Romeinse ryk.

22. Waarom het Gallio hom nie gesteur aan die geweld teen Sosthenes nie? (vers 17)
--

Nadat Gallio sy uitspraak gegee het oor die klag teen Paulus het hy die Jode van die regterstoel af weggejaag. Hieruit blyk dit nog verder dat die anti-Joodse sentiment ook deur die Romeinse amptenare in praktyk beoefen is. Die Grieke het na aanleiding van Gallio se hantering van die Jode toe sommer – daar word geen rede gegee nie – vir Sosthenes die hoof van die sinagoge gegryp en hom daar voor die

regterstoel geslaan. **Gallio se ongeërgde houding teenoor die misdryf teen Sosthenes bevestig die Romeine se anti-Joodse gesindheid.**

Sosthenes het waarskynlik die hoof van die sinagoge geword nadat Crispus weg is uit die sinagoge omdat hy en sy gesin tot geloof in Christus gekom het. In 1 Korinthiërs 1:1 skryf Paulus van 'n sekere Sosthenes. Dit is moontlik dat dit juis hierdie Sosthenes is wat ook later tot geloof gekom het.

## **2. Handeling 18:18-22 – Die einde van die tweede sendingreis**

**18** En nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy van die broeders afskeid geneem en na Sírië uitgeseil, en saam met hom Priscilla en Aquila. En in Kenchréë het hy sy hoof geskeer, want hy het 'n gelofte gedoen.

**19** En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek. **20** En toe hulle versoek dat hy langer by hulle moes vertoef, het hy nie toegestem nie, **21** maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier, maar ek sal weer na julle terugkom as God wil. En hy het van Éfese afgevaar.

**22** En toe hy in Cesaréa gekom het en opgegaan en die gemeente gegroet het, het hy afgereis na Antiochië.

### **2.1 Vrae by Handeling 18:18-22**

1. Van waar af het Paulus na Sirië uitgeseil? (vers 18)
2. Wie het saam met hom vertrek? (vers 18)
3. Watter gelofte het Paulus gedoen dat hy sy hoof geskeer het? (vers 18)

Na die uitspraak van Gallio het Paulus nog 'n lang ruk in Korinthe gewerk. In 'n stadium – weereens dit is op 'n tydstip wat die Heilige Gees aan hom duidelik gemaak het – **het Paulus van die broeders in Korinthe afskeid geneem.** Sy werk was vir eers afgehandel in Korinthe. Van Korinthe af het Paulus in 'n suidwestelike rigting gereis na Kenchreë wat sowat 11 km van Korinthe af geleë was. Kenchreë was die oostelike hawe.

Vir die jaar en 'n half wat Paulus in Korinthe werksaam was, het hy by Aquila en Priscilla tuisgegaan. Gedurende hierdie tyd het daar 'n hegte geloofsvriendskap tussen Paulus en hulle ontstaan. Dit was op grond van hierdie vriendskap dat **Aquila en Priscilla** saam met Paulus uit Korinthe vertrek. Lukas berig nie waar Silas en Timoteus in hierdie stadium was nie. Dit is moontlik dat hulle nie in Korinthe was nie en daarom het Aquila en Priscilla saam met Paulus uitgeseil na Sirië toe.

Lukas gee geen aanduiding watter gelofte Paulus gedoen het nie. Die enigste gelofte uit die Ou Testament wat te doen het met die persoon se hare is **die gelofte van die nasireër (Num 6:1-21)**. Daar word ook nie gesê wanneer Paulus die gelofte aan die Here gedoen het nie. Lukas skryf net dat hy in Kenchreë sy hoof geskeer, want hy het 'n gelofte gedoen.

Die nasireërs gelofte is 'n gelofte waarin die persoon homself vir 'n tyd lank aan die Here toewy. Om nou te probeer sê waarom Paulus hierdie gelofte gedoen het, gaan bloot 'n geraai wees. Dit is egter belangriker om raak te sien dat Paulus as 'n Christen nie sy Joodse agtergrond vergeet het nie. En geloofshandelinge wat eie aan die Jode was, was nie nou vir hom buite perke omdat hy 'n Christen is nie. As Christen het hy die vryheid om steeds iets doen wat vir hom bekend is as teken van sy besondere toewyding aan die Here. Die Jode met wie hy waar ook al te doen sou gekry het, sou dadelik verstaan het watter gelofte Paulus gedoen het as dit dan die nasireërs gelofte was. Belangrik om ook te sien dat Paulus nie hierdie manier van sy verhouding met die Here uitleef op ander mense afdwing nie. Dit staan enigeen vry om 'n gelofte aan die Here te doen of nie te doen nie. Die nasireërs gelofte was nie verpligtend nie.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>4. Waar het Paulus eerste aangekom na sy vertrek van Korinthe af? (vers 19)</li><li>5. Vir wie het Paulus daar in Efese laat bly? (vers 19)</li><li>6. Wat het Paulus se gesprek met die Jode in die sinagoge opgelewer? (vers 19-20)</li><li>7. Waarom kon Paulus nie langer in Efese vertoef nie? (vers 21)</li><li>8. Waarlangs het Paulus se reis van Efese af gegaan? (vers 22)</li></ol> |
|--|

Die eerste stad waar Paulus aankom na sy vertrek uit Korinthe was **Efese**. Efese was in daardie stadium die hoofstad van die provinsie Asië sowel as die grootste handelsentrum vir daardie gebied. Paulus wou sowat twee jaar gelede al die evangelie in Efese verkondig het, maar die Heilige Gees het hom verhinder (Hand 16:6). Toe was die tyd nog nie reg dat Efese die evangelie hoor nie, want dit moes eerste in Masedonië verkondig word. Nou het die Here in sy genade aan Paulus die geleentheid gegee om Efese te verkondig.

Paulus het vir **Aquila en Priscilla** in Efese laat bly. Dit blyk dat Paulus vir Aquila en Priscilla versoek het om in Efese te bly. Dit kan ook wees dat hulle besluit het om net so ver oos te trek en Paulus het hulle in vrede gelaat om daar te bly. Daar word nie 'n rede aangevoer waarom Paulus hulle Efese laat bly het nie. Uit die teks kan twee redes afgelei word. As gevolg van die reaksie van die Jode wou Paulus die werk waarmee hy begin het in die bekwame hande van die egpaar laat. Die ander rede is omdat Paulus van plan was om na Efese terug te keer en teen daardie tyd sal Aquila en Priscilla al 'n gevestigde besigheid gehad het waarby hy kon inval wanneer hy terugkeer.

**Die Jode in Efese was baie gretiger om die Woord van die Here te hoor** soos wat Paulus dit verkondig het. Daarom het hulle Paulus versoek om langer te vertoef sodat hulle nog meer van Christus en die beloftes van God kon hoor. Paulus moes egter hulle versoek vir die huidige afwys, **aangesien hy die eerskomende fees in Jerusalem moet vier**.

Lukas gee nie 'n aanduiding na watter fees Paulus hier verwys nie. Daar was drie groot feeste wat tydens die Ou Testament vir die mans verpligtend was om teenwoordig te wees. Dit is die pasga, pinkster en groot versoendag. Die groot versoendag sou nie meer vir Paulus van betekenis wees nie, aangesien Christus reeds die volmaakte offer gebring het. Dit mag moontlik die pasga wees, soos wat die meeste kommentare dit wil verstaan. Hoe dit ook al sy, tydens die fees sou daar baie Jode in Jerusalem wees wat 'n goeie tyd vir die verkondiging van die evangelie is. Dit is moontlik dat Paulus ook met van die ander apostels afgespreek het om

mekaar in Jerusalem tydens hierdie fees te ontmoet. Sommige kommentare meen dat Paulus graag by die fees in Jerusalem wou wees omdat dit verband hou met die gelofte wat hy gedoen het.

Alhoewel Paulus net vir 'n kort tydjie in Efese kon wees, het hy belowe om na hulle terug te keer. In sy belofte wat hy maak, laat hy dit duidelik hoor dat sy belofte net stand sal hou as die Here wil. Hy is nie self alleen in beheer van sy reisplanne nie. Sy reisplanne is uiteindelik in die hande van die Here.

Van **Efese** af het Paulus na **Cesarea** geseil wat die belangrikste hawe vir **Jerusalem** is. Van daar af het hy na Jerusalem toe gegaan om die gemeente daar te groet en waarskynlik die fees mee te maak. Nadat hy in Jerusalem gedoen het wat hy wou, is hy terug na **Anthiochië in Sirië**. So het die tweede sendingreis van Paulus dan tot 'n einde gekom. Tydens hierdie sendingreis het hy nagenoeg 4 500 km gereis omtrent dubbel soveel as tydens die eerste sendingreis.

### **3. Handeling 18:23-28 – Die begin van die derde sendingreis**

**23 En nadat hy 'n tyd lank vertoef het, het hy vertrek en agtereenvolgens die land Galásië en Frigië deurgereis en al die dissipels versterk.**

**24 En 'n sekere Jood met die naam van Apollos, wat in Alexandrië gebore was, 'n welsprekende man, het in Éfese aangekom; en hy was magtig in die Skrifte.**

**25 Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het. 26 En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Aquila en Priscilla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.**

**27 En toe hy wou deurgaan na Acháje, het die broeders hom aangemoedig en aan die dissipels geskrywe om hom te ontvang. En daar aangekom, was hy deur die genade die gelowiges tot veel nut; 28 want hy het die Jode kragtig in die openbaar weerlê en deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus is.**

#### **3.1 Vrae by Handeling 18:23-28**

1. Van waar af het Paulus gereis en waarheen? (vers 23)
---

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>2. Wat het hy op hierdie reis gedoen? (vers 23)</li><li>3. Wie is Apollos en wat maak Lukas oor hom bekend? (vers 24-26)</li></ol> |
|--|

Lukas meld nie vir hoe lank Paulus in Anthiochië in Sirië vertoef het nie. Hy sê ook nie wat Paulus alles daar gedoen het nie. Ons kan aanvaar dat Paulus weer 'n rapport gegee het van die werk wat die Here gedoen het, soos wat hy gedoen het na die eerste sendingreis (Hand 14:27-28). Op 'n gegewe oomblik het Paulus met die derde sendingreis begin.

Van **Anthiochië in Sirië** af het hy deur die provinsie Galasië en die streek Frigië gereis. Op hierdie reis het hy dieselfde roete gevolg as tydens die tweede sendingreis. Hy het by **Tarsus, Derbe, Listre, Ikonium en Anthiochië in Pisidië** aangedoen. Tot hier vertel Lukas dat Paulus gereis het tot wes van Anthiochië in Pisidië en dan gaan hy eers oor in die volgende paar verse om van Apollos en sy werk te vertel. Hy hervat Paulus se reis weer in Handeling 19:1.

Op hierdie reis het hy gedoen wat hy tydens die tweede sendingreis ook gedoen het. **Hy het die gelowiges in die onderskeie gemeentes versterk.** Vir Paulus was dit nie net belangrik dat 'n mens tot geloof in Jesus Christus kom nie, maar dat 'n mens in die geloof sal bly volhard en groei. Die gelowiges moet dissipels bly van Jesus Christus.

In verse 24 tot 28 vertel Lukas eers wat het in Efese gebeur sedert Paulus van daar vertrek het na Jerusalem toe (Hand 18:21) tot voordat hy weer in Efese aangekom het (Hand 19:1). Gedurende hierdie tyd het 'n sekere Jood met die naam Apollos in Efese aangekom. Apollos is **in Alexandrië** – die hoofstad van Egipte – **gebore**. Hy het dus as 'n **Griekssprekende Jood** groot geword.

Verder skryf Lukas dat hy 'n **welsprekende man** was – hy het waarskynlik goeie onderrig ook in Alexandrië ontvang wat bekend was vir sy biblioteek en geleerdheid. Maar hy was veral **magtig in die Skrifte**. Apollos het die Skrif uiters goed geken en was dus in staat om die Woord as die swaard van die Gees te hanteer.



Apollos het ook goeie kategetiese onderrig ontvang. Hy was 'n Christen wat **die weg van die Here ook goed geken het. Met groot ywer het gespreek die dinge aangaande die Here noukeurig aan ander mense geleer.** Die een tekortkoming wat Lukas aangaande Apollos opmerk is dat hy net van die doop van Johannes geweet het. Dit is die doop van bekering tot vergifnis van sonde. Aangesien hy van die doop van Johannes geweet het, het hy geweet dat Jesus die beloofde Messias is. Maar waarskynlik het hy nie van die volle betekenis van Jesus en sy werk al geweet nie, want Johannes het dit nie verkondig nie. Dit is tog opmerklik om te sien tot waar het die invloed van die Here deur Johannes die Doper uitgegaan – tot in Alexandrië.

Die Here het aan Apollos die vrymoedigheid gegee om ook **in die sinagoge in Efese met die mense daar te spreek ook die weg van die Here.** Na aanleiding van Johannes die Doper se werk sou hy dan ook die mense tot bekering geroep het omdat die oordeel van God op hande is.

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>4. Waarom het Aquila en Priscilla vir Apollos by hulle geneem en onderrig? (vers 26)</li><li>5. Waarheen het Apollos vertrek en hoe het die gelowiges in Efese gemaak? (vers 27)</li><li>6. Hoe het die Here vir Apollos in Agaje aangewend? (vers 27-28)</li></ol> |
|---|

Aquila en Priscilla was vir 'n geruime tyd in die geselskap van Paulus en het van hom die evangelie van Christus gereeld gehoor. As ware gelowiges en mense wat goed onderrig is, **het hulle die leemtes in Apollos se onderrig opgemerk.** Aquila en sy vrou het toe vir Apollos by hulle geneem **en in die privaatheid van hulle huis het hulle hom noukeurig in verband met Jesus en sy werk toegerus.**

As Christene het hulle nie vir Apollos in die openbaar tereggewys of reggehelp nie. Hulle het sy ywer vir die Here opgemerk en het iets gedoen sodat sy ywer tot groter nut sal wees in die koninkryk van God. Hierin merk 'n mens die waarde van die

gemeenskap van gelowiges op en ook hoe gelowiges in die gemeente hulle verantwoordelikheid teenoor die Here vir 'n medegelowige nakom.

Apollos wou van Efese af na Agaje vertrek het. Hy het waarskynlik **na Korinthe** gegaan (vgl. Hand 19:1 en 1 Kor 1). Daar het hy die saad wat Paulus gesaai het, gaan natmaak. Hy was nou nog meer toegerus vir hierdie werk as verkondiger van die Here se Woord, want hy het onderrig in die hele evangelie van Jesus gekry.

In Efese het daar al 'n gemeente tot stand gekom waarskynlik as gevolg van die werk wat Aquila en Priscilla gedoen het nadat Paulus vertrek het, want Lukas praat van die broeders. Hierdie gelowiges het Apollos aangemoedig om ook in Agaje te gaan werk. Daarom het hulle aan hom ook 'n **aanbevelingsbrief gegee** wat hom sou bekendstel aan die gemeente in Korinthe.

Lukas berig dat Apollos **van groot nut was vir die gelowiges in Agaje**. Paulus het Apollos as 'n medewerker in die koninkryk van God erken. Met die nuwe toerusting het Apollos **die ongelowige Jode kragtig in die openbaar weerlê deur uit die Skrifte te bewys dat Jesus die Christus is**. Die Here het aan Apollos soortgelyke gawes gegee as wat Paulus ontvang het. Sodoende het Apollos die werk van Paulus in Agaje voortgesit, sodat die kerke daar kon groei en versterk word in hulle geloof.